Wysheid

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B155a

Skriflesing uit Ps.90:1-17

Kernvers: 12 –'Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom'.

Ons wens mekaar geluk met ons verjaardag eenkeer per jaar en dink dan ja, nog 'n jaar is verby! Die Bybel leer ons egter nie om ons jare te tel nie maar wel ons dae – elke dag is van die grootste belang. Daardie groot verkeerde ding wat jy gedoen het, het jy op 'n dag gedoen, of in 'n oomblik.

Daardie wonderlike ondervinding wat jy met die Here gehad het, alhoewel daar die ontwikkeling was oor 'n tydperk heen, het nogtans in 'n oomblik gebeur.

Die mens lewe van asemhaling tot asemhaling, van hartklop tot hartklop. Dis die klein dingetjies wat ons moet tel – die elke dag se gebeurtenisse; daardie liefde wat jy op daardie oomblik moet gee.

Daar is baie dinge wat maar eenmaal jou padlangs kom en dan is dit vir altyd verby… 'n oomblik waarin jy liefde kan gee, 'n woord van troos, 'n woord van wysheid kan spreek. Dit is een oomblik wat as jy dit mis, dan is dit vir ewig verby.

Wanneer 'n mens so terugkyk op jou lewenspad dan lyk die pad waarlangs jy geloop het soos die dag van gister.

Gryp elke dag want daar is kosbare oomblikke wat jy dalk deur jou vingers laat gly. Help ons dan Here om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom!